# 22 Desember 2023 - Lesing 207 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 3

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

**Die ontstaan van die skeppingswerk "aarde" –** 15/7/61

**NO: 7942** Die gang van die gees oor die aarde strek homself uit oor ewighede, want die gees self was verander tot materie waaruit die aarde en alle skeppings bestaan. Verharde geestelike substasie het deur die wil van God tot materie geword. Sodoende is die hele skeppingswerk "aarde" asook alle skeppings in die hele heelal, wat eens deur God uitgestraalde geestelike krag wat as "essensie" deur Hom uitgestraal was, maar hulself egter so verander het, dat dit ten slotte slegs verharde geestelike substasie was wat nou weer omvorm moes word tot skeppings van allerlei aard.

Eindelose tye was daarvoor nodig gewees, want ook hierdie omvorming gebeur volgens die wetlike orde. Die ontwikkeling van wat nou as die bewoonde aarde sigbaar is, **het in tallose ontwikkelingsperiodes plaasgevind.**

Dit was geen skielik uit God voortgekomde daad van Sy skeppingsmag nie. Want ook hierdie langsame ontwikkeling het sy bedoeling. Daar word steeds weer opgeloste geestelike partikeltjies **gevang en omvorm**. Dit was 'n wordingsproses van 'n ondenkbare lang tydsduur, voordat die aarde gevorm was tot 'n skeppingswerk wat vir die steeds meer ryper wordende gees tot verblyfplek en tot 'n lewe in ooreenstemming met die natuur kon dien, soos wat dit in God se ewige heilsplan voorsien was.En ook die geestelike het eindelose tye nodig totdat dit die graad bereik het **waarin dit dan as mens oor die aarde mag gaan,** met die doel van 'n laaste voltooiing.

Hierdie laaste gang oor die aarde as mens **is maar 'n oomblik**, in vergelyking met die ewige lang tyd van die vroeëre ontwikkeling oor die aarde.

**Vir God was die skepping van alle vorms die werk van 'n oomblik**, want deur Sy wil en krag sit Hy alle gedagtes wat Hy buite Hom plaas om in 'n bestaande werk. Maar die teenstand van die eens gevalle geestelike bepaal die tydsduur tot aan die materiële omvorming, **want God dwing die wederstrewende geestelike nie, maar Sy Liefdeskrag neem haar solank gevange totdat sy haar weerstand opgee**, om haar dan te omhul volgens Sy plan. Om haar een of ander vorm te gee waarin sy dan '**n bepaalde werksaamheid verrig wat egter so minimaal was**, dat weer ewige tye verbygaan totdat hierdie vorm weer langsaam kon oplos en verander.

Vir die ontstaan van die aarde was dus **eindelose lang tye nodig, voordat sy deur lewende wesens bewoon kon word.** En hierdie maak die aarde wederom daarvoor geskik om weer na 'n eindeloos lang tyd **die mense as laaste ontwikkelingsoord te dien**. Maar die menslike siel het in al haar partikeltjies deur die skeppings heengegaan. Want die val in die diepte uit die hoogste hoogte was so eindeloos gewees dat daar ook weer so 'n **lang tyd nodig was** om uit hierdie diepte weer so ver omhoog te styg, totdat die **selfbewussyn weer aan die wese gegee kon** word wat nou haar laaste voltooiing, die laaste gang omhoog moontlik maak.

Gevolglik het die skepping nou ontstaan en **sy berg nou die gevalle gees in 'n ontelbare hoeveelheid in haar** en sy sal vir haar terugkeer tot God ook eindelose tye nodig hê. Sodoende is die einde van die skepping nog lank nie te voorsien nie.

Maar die "skeppings" bestaan nou en alles gaan wetmatig op sy weg. Sy word steeds deur nuwe geestelike deeltjies bewoon **wat voortdurend van uiterlike vorm verander** en hulleself steeds vêrder **opwaarts ontwikkel**. Daardeur is daar ook 'n voortdurende ontstaan en vergaan van elke materiële skepping te sien. Op die manier word altyd weer al die skeppingswerke hernu en dien so tot uitryping van die daarin geborge geestelike, **sodat hulle ook die mens tot vêrdere ontwikkeling kan dien**, omdat hulle hom die liggaamlike lewe op aarde waarborg. Solank die in die skeppings gebonde geestelike se vrye wil weggeneem is, gaan ook die opwaartse ontwikkeling sy deur Godgewilde weg. **Die gebonde geestelike is dienstig in een of ander vorm en ryp daardeur langsaam uit.**

Sodra die geestelike egter in die stadium as "**mens**" oor die aarde gaan, **besit sy weer die vrye wil** en kan in plaas van opwaarts te klim **ook stil bly staan of selfs weer agteruitgaan.** Sy kan in gebreke bly gedurende die laaste tyd van haar ontwikkelingsgang. En hierdie agteruitgang kan ook daartoe lei dat die geestelike in die mens, die siel, die eens gevalle oergees, **weer in die geestelike substansie verhard soos voorheen**. Met die noodsaaklike gevolg: **Die nogmaals ontbinding van die siel in tallose partikeltjies, wat dan weer die gang deur die materiële skeppings vereis**.

En hierdie nou noodsaaklik geworde ontwikkelingsgang vereis ook weer 'n **ontbinding en omvorming van skeppingswerke van allerlei soorte**, wat as die beëindiging van een aardse periode en die begin van een nuwe gesien kan word.

Daarom moet julle mense ook probeer om te begryp dat aan die einde van die deur God vasgestelde tydsperiode sulke **gewelddadige omsettingswerke aan die skeppingswerk "aarde" voltrek sal word**, wat egter altyd op God se Liefde en Wysheid gegrond is en wat altyd sal dien tot verlossing van die eens gevalle geestelike. En julle moet ook altyd op so 'n ingryping van God se kant rekening hou, wanneer die mense die ware doel van hul bestaan nie meer besef nie. Wanneer hulle dus hul aardse lewe nie benut vir die rypwording van hul siele vir die laaste voltooiing nie. Want dit is die enigste doel van elke skeppingswerk, **dat sy die siel van die mens tot voltooiing bring**, dat sy die siel sal help om weer te word wat sy vanaf die allereerste begin was, nl. 'n hoogs volmaakte wese wat uit God se Liefde ontstaan het, maar in vrye wil van Hom afgeval het. Sy moet weer na Hom terugkeer en God het Self die weg geskape, wat die siel weer terugvoer met die gang deur al die skeppings van hierdie aarde. Amein.